

PJ Kriel

Bevestiging ds. Rudolf Botha

28.02.2105

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen ware predikers van die evangelie en valse predikante. Predikante wat die lewe van Christus in sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe en opstanding verkondig, is getuies van die Here. Predikante wat hulle eie lewensverhaal aan gemeentes voorhou is valse predikante. Paulus wys hoe dit verkeerd is om jou eie lewensverhaal 'n middel te maak waardeur God sy genade sou bewerk deur self te roem in sy eie geestelikheid, maar dit dan dadelik as dwaasheid uit te wys. God gebruik nie sulke geestelike verhale oor mense om mense deel van sy genade te maak nie. Dit is alleen deur die verkondiging van die Here se lewe dat God mense met Christus verenig. Daarom mag 'n leraar nooit hom self aan lidmate voorhou asof lidmate in en deur sy lewe nader aan God sal kom of enige heilservaring sal beleef nie. Hy mag nie sy eie geestelike lewe voorhou asof dit 'n heilsmiddel is waardeur God werk nie. Hy moet ook in sy leiding aan die kerkraad hierdie dwaasheid uit die kerkraad en byeenkomste van die gemeente weer.

Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie
Die volgende deel van Paulus se lewensverhaal noem hy die sien van gesigte en openbarings.

Dit is besondere geloofservarings met God 'n Leraar wat alles met sy lidmate persoonlik meeleeft en in alles deel is van hulle lief en leed.

se onderskeid tussen hom en valse leraars is dat hy hierdie vertelling van sy eie geestelike en geloofslawe in diens van God – grootpraat en roem noem.

Hiermee stel Paulus dat dit vir 'n predikant dwaas is om jou sy eie lewensverhaal, soos syne, te preek vir die gemeente!

Hoe kan en mag Paulus so iets sê?

Dit kan ons alleen ontdek in dit wat hyself in teenstelling met sy eie lewensverhaal stel: die lewensverhaal van Christus.

Deur watter lewensverhaal werk die krag van God?

Jy mag jouself nooit voorhou asof lidmate in jou en jou lewe nader aan God sal kom of enige heilservaring sal beleef nie.

Jy mag nie jou lewe leer asof dit 'n heilsmiddel is waardeur God werk nie.

Jy moet ook in jou leiding in die kerkraad hierdie dwaasheid uit die kerkraad en byeenkomste van die gemeente weer.

Votum

Lied 601:1,3,5

Gebed

Skriflesing: 2 Kor. 10 – 13

¹²Ons waag dit natuurlik nie om ons op een lyn te stel of te vergelyk met sekere mense wat so 'n danige dunk van hulleself het nie. Hulle is dom: hulle meet hulleself aan hulle eie maatstaf en vergelyk hulleself met hulleself. ¹³Maar wat ons betref, ons sal met ons roem nie buite die perke gaan nie. Ons bly binne die perke van die werkkring wat God aan ons toegemeet het. Julle val ook binne daardie perke. ¹⁴Dus het ons nie ons perke oorskry deur tot by julle te kom nie. Ons het immers vroeër al tot by julle gekom met die evangelie van Christus. ...

***11** Nou wil ek hê julle moet 'n bietjie dwaasheid van my kant verdra! Ja, verdra my maar! ²Ek waak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus. ³Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang.*

⁴Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoeë neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan as dié wat julle van ons ontvang het. ⁵Ek reken dat ek niks agterstaan by julle danige apostels nie. ⁶Al is ons miskien nie sulke gladde sprekers nie, in die kennis staan ons nie agter nie. Dit het ons julle tog by elke geleentheid en in alle opsigte laat sien.

⁷Sonder vergoeding het ek die evangelie van God aan julle verkondig. Ek het my verneder sodat julle opgehef kon word. Was dit miskien verkeerd van my?

¹²Soos ek nou maak, sal ek voortgaan om te maak. Daarmee sal ek vir dié mense wat 'n aanleiding soek om te roem dat hulle net sulke apostels soos ons is, elke aanleiding daartoe ontnem. ¹³Sulke mense is vals apostels; hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is. ¹⁴En geen wonder nie! Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig. ¹⁵Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God doen nie. Aan die einde sal hulle kry wat hulle vir hulle dade verdien.

¹⁶Ek herhaal: Niemand moet dink dat ek 'n dwaas is nie. Of anders, beskou my maar as 'n dwaas en laat my ook 'n bietjie grootpraat. ¹⁷Wat ek nou sê, kom nie van die Here nie. Nee, in hierdie aangeleentheid praat ek werklik soos 'n dwaas, in die oortuiging dat ek grond het om te roem.

Nou praat ek soos 'n dwaas: enigiets waarop iemand aanspraak maak om te roem, daarop kan ek ook roem. ²²Is hulle Hebreërs? Ek ook. Is hulle Israeliete? Ek ook. Stam hulle van Abraham af? Ek ook.

²³Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. ²⁴Vyf maal het ek van die Jode die gebruikelike straf van nege en dertig houe gekry, ²⁵drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.

²⁸Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. ²⁹As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan.

12 Om te roem, het wel geen sin nie, maar terwyl dit dan nou moet, kom ek by gesigte en openbarings wat die Here gegee het. ²Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. ³⁻⁴Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie. ⁵Oor hierdie man sal ek roem, maar nie oor myself nie, behalwe oor my swakhede. ⁶Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die waarheid sal praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer moet toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie, ⁷selfs nie vanweë die verhewenheid van die openbarings nie.

¹¹Ek het nou soos 'n dwaas opgetree. Julle het my daartoe verplig. Eintlik is dit julle wat in my guns moes gepraat het, want al is ek niks, staan ek niks agter by daardie danige apostels nie. ¹²Die dinge wat 'n apostel kenmerk, het ek met groot geduld by julle verrig: tekens en wonders en kragtige dade. ¹³Waar in is julle swakker behandel as die ander gemeentes, behalwe dat ek persoonlik nie vir julle tot 'n geldelike las was nie? Vergewe my hierdie onreg!

13 ... ³Julle soek mos 'n bewys dat Christus deur my praat. Hy tree nie swak op teenoor julle nie, maar bewys sy krag onder julle, ⁴want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien."

Preek

Roep ds. Botha na vore

Formulier

Gebed

Gelukwensing

Lied 198:1,2,3

Seëngroet

PJ Kriel

28.02.2015

Teksvers: 2 Kor.13 vers 4: "En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe."

Tema: Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie

Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie

1. In hierdie gelese gedeelte wys Paulus wat is die verskil tussen valse apostels en apostels as dienaars van Christus.

Die verskil gaan oor twee wyses van preek. Die een soort prediking word “roem” genoem en die ander soort prediking word deurgaans in sy briewe “getuig” genoem.

Dit is die onderskeid tussen valse predikers en dienaars van die Here Jesus Christus. Die wat vals is roem in die prediking, en die ander getuig in die prediking.

2. Hierdie brief van Paulus aan die gemeente Korinte is geskryf na aanleiding van die versoening tussen Paulus as prediker en die gemeente, wat plaasgevind het in sy afwesigheid as leraar, en wat gemaak het dat hy na die vervreemding tussen hom en die gemeente, weer die vrymoedigheid kon neem om hulle te kan kom besoek.

Die gemeente het ontstaan deur die evangelieprediking van Paulus in die stad Korinte. Na hy weg is op sy verdere sendingreis, het daar ander leraars uit Jerusalem gekom en aan die gemeente 'n ander evangelie verkondig.

3. Paulus het Christus as Here verkondig, en gelowiges se vereniging met Christus as mens in die Hemel. In hierdie vereniging maak Christus hulle weer heilig en regverdig sodat hulle deel in God se liefde, en hulle liefde vir God weer volkome is in Christus.

Die oproep van hierdie prediking is om net in Christus te glo, om hierdie vereniging met Christus as mens te glo.

Paulus som hierdie prediking weer kortliks op aan die begin van hoofstuk 13, met hierdie woorde:

“⁴want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien.”

4. Die Joodse Christene het nie hierdie Evangelie verkondig nie. Hulle het verkondig dat jou liefde alleen vir God heilig en regverdig kan wees deur jou eie toewydings, bekerings en oorgawes aan die Wet van God.

Ons moet hierdie verskil goed raaksien. Hulle het ook Jesus verkondig. Hulle het verkondig dat Jesus jou sal vergewe as jy jouself aan God oorgee en jouself aan die liefde van die Wet toewy.

Paulus noem hierdie prediking:

- die verkondiging van 'n ander Jesus;
- die aanvaarding van 'n ander gees as die gees van Christus;
- die aanvaarding van 'n ander evangelie.

Die rede hoekom hy dit so kras in teenstelling stel met sy eie prediking van die Evangelie, is omdat hierdie tipe prediking hulle gedagtes weglei van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus.

Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie

Die wyse waarop hulle deur hierdie tipe prediking weggelei word van Christus, stel Paulus gelyk aan Eva se verleiding deur die listigheid van die slang. Dit is die werk van die Duiwel om gelowiges weg te lei van die onverdeelde en opregte toewyding aan Christus deur 'n halwe Christus te verkondig.

5. Hierdie prediking verskil nie net na inhoud nie. Jy kan hierdie verskil in prediking duidelik herken in die wyse waarop daar gepreek word.

Dit is dan die hele saak van hoofstuk 12 en 13 wat Paulus aan die orde stel:

Hoe duidelik verskil die prediking van Christus teenoor die prediking van valse leraars!

Paulus wys hierdie verskil deur sarkasties te raak en homself ook as een van hierdie valse leraars voor te doen. Daarom stel hy dat hy hom ook soos 'n dwaas sal gedra, want hy kan alles doen wat hierdie valse leraars doen.

Wat doen Paulus dan wat hy dwaasheid noem? Dwase prediking, dwase Woord-bediening en dwase evangelieverkondiging! Hierdie woord dwaasheid is die Woord van God se beskrywing vir goddeloosheid en afgodsdien.

6. Paulus se dwaasheid is om sy eie lewensverhaal aan die gemeente te vertel.

Hy begin sy lewensverhaal deur te vertel van die karakter van sy geestelike lewe.

Hy is 'n Hebreër en Israeliet van geboorte af. Met hierdie verwysings praat hy oor sy verhouding met God. As Israeliet was Paulus deel van die geloofsgemeenskap wat die Messias verwag het en uit wie die Messias gebore is. Paulus was van sy geboorte af deel van die Verbondsbeloftes van God.

'Hebreër' in ons taal beteken 'n opregte, toegewyde en ernstige geestelike mens wat sy lewe aan God wy en nie deel van die sedeloosheid en goddeloosheid van hierdie sondige wêreld is nie.

U mag Paulus se lewensverhaal nie sinies hoor, so asof alles 'n leuen was en hy nooit opreg was in sy verhouding met die Here nie. Paulus was opreg en toegewyd in sy verhouding met die Here. Dit gaan nooit oor die oneerlikheid van gemaakte toewyding nie. Dit gaan oor aan wie jy jou toewy. Hierdie erkenning van misplaasde opregtheid stel Paulus in Rom. 10 aan die orde:

“BROEDERS, die verlange van my hart en die gebed wat ek tot God vir Israel doen, is tot hulle redding.² Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis.³ Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.”

7. Die volgende deel van sy lewensverhaal gaan oor sy werk as leraar. Sy diens deur sy werk vir die Here in die bediening van die Woord en sakrament.

Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie

Paulus kom en maak hierdie aanspraak: in hierdie diens het hy harder vir die Here gewerk as enige van die ander predikante wat hulle ken.

Paulus het nie hiermee oordryf nie. Dit was werklik só! Wat selfopoffering ter wille van sendingwerk, verdrukking deur teenstand uit die heidense en Joodse gemeenskappe en straf deur die regering van die dag betref, het Paulus harder as die ander predikante vir die Here gewerk.

Die Christelike kerk vandag gaan grotendeels terug op die werksaamheid van Paulus as apostel.

8. Die volgende deel van Paulus se lewensverhaal noem hy die sien van gesigte en openbarings.

Dit is besondere geloofservarings met God.

Die eerste wat Paulus noem is waarskynlik sy roeping op die Damaskuspad. Hy was die enigste apostel wat nadat die Here opgevaar het na die Hemel, as apostel geroep is deur nog 'n verskyning van die Here soos Hy aan die apostels op Sy opstandingsdag verskyn het.

Na Paulus sal en kan geen prediker dit ooit weer ervaar nie. Die Here sal nooit weer verskyn aan ander leraars soos hy aan Paulus verskyn het nie. Daarom noem Paulus homself die misgeboorte in 1 Korintiërs 15, en stel dat hy die laaste een is aan wie die Here na Sy dood verskyn het: *“⁵Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, ⁶en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. ⁷Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. ⁸Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn. ⁹Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het.”*

Hierdie is die een en enigste keer wat Paulus na hierdie ervaring verwys as deel van sy eie lewensverhaal oor gesigte en openbarings van die Here as deel van sy persoonlike lewe.

In al die ander verwysings hieroor gaan dit oor sy roeping as apostel, nie as vertelling van sy persoonlike geestelike lewe nie.

Paulus het nooit die Damaskusgebeurtenis gesien as iets wat ander mense ook moet ervaar omdat dit met hom gebeur het nie.

9. Paulus se persoonlike lewensverhaal is vol van wonderwerke wat die Here deur Paulus gedoen het: genesings, opwekking uit die dood en die oorleef van dodelike slangbyt, om enkeles te noem. Dit is sy lewensverhaal: 'n lewe van wonders en tekens.

Paulus se lewensverhaal gaan verder oor sy toewyding aan die gemeentes waarin hy homself as een en deel van elke lidmaat gevoel het. Ons noem dit vandag pastorale werk.

Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie

Hy stel dit só:

“²⁸Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. ²⁹As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan.”

’n Leraar wat alles met sy lidmate persoonlik meeleeft en in alles deel is van hulle lief en leed.

Daarmee verklaar Paulus dat niks wat hy ooit gedoen het, gegaan het oor selfverryking nie. Hy stel dit só: *“⁷Sonder vergoeding het ek die evangelie van God aan julle verkondig.”*

Dit is nie somer vroom praatjies nie. Toe Paulus in hierdie stad begin werk het, is sy onkoste vir hierdie werk gedra deur gemeentes soos Filippi. Vir die aanvanklike begin van die gemeente het hulle geen geldelike bydrae aan Paulus as leraar gemaak nie.

Paulus stel dit bietjie sarkasties: *“¹³Waarom is julle swakker behandel as die ander gemeentes, behalwe dat ek persoonlik nie vir julle tot ’n geldelike las was nie? Vergewe my hierdie onreg!”*

10. Die verrassende van Paulus se onderskeid tussen hom en valse leraars is dat hy hierdie vertelling van sy eie geestelike en geloofslawe in diens van God – grootpraat en roem noem.

Hiermee stel Paulus dat dit vir ’n predikant dwaas is om jou sy eie lewensverhaal, soos syne, te preek vir die gemeente!

Hoe kan en mag Paulus so iets sê?

Dit kan ons alleen ontdek in dit wat hyself in teenstelling met sy eie lewensverhaal stel: die lewensverhaal van Christus.

Paulus som Christus se lewensverhaal en die krag van Sy lewensverhaal aan die einde van hierdie onderskeid tussen ware en valse prediking só: *“⁴want al is Hy gekruisig in die swakheid van ’n mens, Hy leef uit die krag van God.”*

Deur watter lewensverhaal werk die krag van God?

Uit Paulus en al die ander predikante se lewensverhale, of net deur die lewensverhaal van Christus?

God werk Sy verlossing nêr deur die lewensverhaal van Jesus Christus. Geen ander lewensverhaal word deur God gebruik om mense nader aan God te bring, hulle lewe te verander, hulle sondes te vergewe, hulle die Heilige Gees as gawe te gee, hulle tot bekering te bring en aan Hom toegewyd te leef nie.

Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie

Dit is die dwaasheid wat Paulus sarkasties met sy eie lewensverhaal aan die orde stel: om jou lewensverhaal só te preek, as 'n manier van getuig vir God, is dwaasheid. Dit is dwase vertellings wat geen getuienis is nie.

Oor hierdie vertelling oor jou verhouding met God, jou lewe vir God, jou diens aan God en die wonders wat God deur jou doen, laat God jou in niks deel van wat Christus vir jou gedoen het nie.

11. Hoe deel 'n mens in al die genadegawes van God?

Paulus sê dit in dieselfde asem as die eerste sin: *“En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe.”*

Ons word deur die Heilige Gees met Christus in Sy menswees verenig. Daardeur is en deel ons alles wat Christus, as mens in ons plek, vir ons is.

Ons deel Sy lyding, kruisiging en dood vir ons sonde op so wyse dat God ons nooit vir ons sonde laat veroordeel, vervloek of straf nie.

Ons deel die lewe wat Christus leef as mens wat uit die dood opgestaan het, en daarom is ons in ons gebroke liefde vir God heilig en reg!

Net deur Christus se lewensverhaal en ons eenheid met Hom wat as mens lewe, leef ons in hierdie kragvolle werk van God. Net Hy en Sy lewe is die volkome heilsmiddel in God se hand.

Om Christus en ons vereniging met Christus te verkondig, is getuienis. En dit is wat op die kansel verkondig moet word, in die kategetiese geleer moet word en in pastorale verhoudings aan lidmate toegesê moet word: julle deel die lewensverhaal en lewe van die opgestane en lewende Jesus Christus.

12. Rudolf, weer alle dwaasheid uit jou bediening as leraar!

Jy mag nooit jou eie lewensverhaal die inhoud van jou bediening maak nie: nie jou verhouding met God nie; nie jou werksaamheid vir die Here nie; nie jou persoonlike ervarings met God nie.

Wanneer jy dit deel van jou bediening gaan maak, sal jy gelowiges se aandag van Christus aflei. En wanneer jy hulle aandag van Christus aflei, sal hulle nie meer uit hulle vereniging met Christus wil leef nie, maar uit jou lewensverhaal vir God wil leef.

Jy mag jouself nooit voorhou asof lidmate in jou en jou lewe nader aan God sal kom of enige heilservaring sal beleef nie.

Jy mag nie jou lewe leer asof dit 'n heilsmiddel is waardeur God werk nie.

Jy moet ook in jou leiding in die kerkraad hierdie dwaasheid uit die kerkraad en byeenkomste van die gemeente weer.

Die Here roep Sy dienaars om oor Christus te getuig, nie om oor hulle geestelike lewe te preek nie

Jy mag hulle nie dwaas laat wees in die oortuiging dat hulle vir die Here 'n middel is om ander mense nader aan God te bring nie. Hulle mag nie sulke vertellings van mense se lewensverhale voorhou asof lidmate daarna moet luister om self geestelike versterk en opgebou te word nie.

Dit is die aanslag op ons jongmense: hulle moet hulle lewe en lewensverhaal die krag maak waardeur God hierdie land moet verander. Dit is dwaasheid. God maak nie die jeugdigheid van jongmense 'n heilsmiddel om ander mense se lewens te verander nie. Nog minder maak God dit 'n instrument om die land te verander. Hoe moet jongmense doen wat grootmense nie kan doen nie?

13. Glo in die heilswerk van die Here en bedien dit!

Verkondig Christus en roep gelowiges op om uit hulle eenheid met die lewensverhaal en lewe van die Here te leef. Dan sal die woorde van Paulus ook vir jou en die gemeente se bediening waar wees:

“⁴want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe.

Dit sal julle sien.”

Jou swakheid moet nie gemaakte gediensdigheid wees nie. Jou swakheid moet wees dat jy niks van jou eie geestelike lewe en jou eie lewensverhaal met God ooit sal sien as 'n genademiddel in God se hand nie. Daarvoor is jou lewe en lewensverhaal te swak.

Leef uit die krag van jou eenheid met die lewensverhaal en lewe van die opgestane Here Jesus Christus: glo hom en verkondig Hom!

Dan sal jy en die gemeente leef uit die krag van God wat werk deur die lewe en lewensverhaal van Jesus Christus.

Dit sal julle sien!